SAKE 24 (Volksblad)
Monday, 18 January 2010, p. 9

Afrika hét agri-potensiaal, wys fonds

Hennie Duvenhage, Kaapstad

Die behoefte aan voedsel en voedselsekerheid maak die landboubesigheidsektor in Suid-Afrika en in die res van Sub-Sahara-Afrika toenemend aantreklik vir beleggers.

Die jongste toevoeging is die private ekwiteitsfonds Agri-Vie se belegging van $10 miljoen (R73 miljoen) in twee landbou-maatskappye in Oos-Afrika.

'n Belegging van $6,7 miljoen is gedoen in New Forests Company (NFC), 'n houtverwerkingsmaatskappy met bedrywighede in Tanzanië, Rwanda en Mosambiek. 'n Verdere $3,5 miljoen is belê in Africa Juice, 'n vrugtesapmaatskappy in Ethiopië.

Agri-Vie het einde verlede jaar bekend gemaak die beleggingsfonds het 'n belang in die Suid-Afrikaanse suiwelmaatskappy Fairfields bekom. Daar is ook aandele in 'n eko-toerismemaatskappy in Tanzanië gekoop én plaaslik in 'n maatskappy wat vars slaaie en groente aan supermarkte voorsien.

Mnr. Izak Strauss, uitvoerende direkteur van Agri-Vie, sê die agri-besighede is in die verlede deur die beleggingsektor afgeskeep omdat dit geassosieer is met primêre landbou en die risiko's wat daaraan verbonde is.

Hy sê die gewaarwording van die gevaar van 'n gebrek aan voedselsekerheid het gelei tot die besef dat beleggingsgeleenthede in die landboubesigheidsektor benut kan word.

Voorts is daar nou ook die ontwikkeling van die potensiaal in Afrika met die aandag op die verbetering van infrastruktuur. Dit word ondersteun deur beleggers uit Europa, Asië en die Midde-Ooste wat in Afrika belê om na voedselsekerheid in hul eie lande om te sien.

Strauss sê hy verwag dat daar verdere geleenthede in Afrika sal kom namate Suid-Afrikaanse kleinhandelaars hulle reg oor die vasteland vestig en hulle sover moontlik die onderskeie lande se eie produkte sal wil koop.

"Daar is baie geleenthede in Afrika. Die sektor lê braak, want daar is voorheen hoofsaaklik in mynbou belê, maar nou verskuif die klem na landbou."

Hy sê beleggers in die voedsel- en landboubesigheidsektor van Afrika bevorder plaaslike ondernemerskap en werkverskaffing in landelike gebiede en help om in die groeiende markte van stede soos Nairobi, Dar es Salaam en Kampala te voorsien.

Strauss verwag dat Agri-Vie teen Maart vanjaar die mikpunt van $100 miljoen vir agri-beleggings sal bereik nadat die fonds in Mei 2008 gestig is. Sodra dié fonds ten volle geïnvesteer is, sal hulle na 'n tweede ekwiteitsfonds van tot $300 miljoen kyk.


Sake24
'Ekologie is ekonomie'